Spesiale Voorbidding

1. Voorbidding vir wyk I: Neels Beyers, Mary en Stan Coetzee, Veronica Coetsee, Krieg-gesin, Meyer-gesin, George en Kosie Scheepers.

2. Voorbidding vir Helen Currie, Joan en Alwyn Pienaar, Cecilia Human en Lorrainne Cornell [Helen Keller], Marie van Tonder [Alpine Hof], Ester Louw [Orchardweg], Verna Wells [Hillrise], Hetta Walters [Frailcare, Pinelands Place], Laurette Pienaar [Riverside Manor], Joyce Kramer [Forestrylaan] en Ron Botha [Parkchesterlaan].

3. Die Kerkraad ontmoet elke Sondag om 09:20 in die konsistorie vir gebed en ander sake.

4. Voorbidding vir: Yvonne en Bredell Brink en gesin. Yvonne is in die Intensiewe Sorgeenheid by die Vincent Pallotti met bloeding op die brein;

* **Hendrik en Elsa van Huyssteen.** Ons is baie dankbaar vir sy beterskap;
* vir die *aktiwiteite van ons kerk* vir hierdie week;
* vir ons spesiale deuroffer: ***Gemeente-Ontwikkeling*** – Die Raad vir Gemeente-Ontwikkeling en Kerklike Samewerking is 'n gesamentlike werksaamheid van die NGK en die VGK wat fokus op kerkplanting as belangrike wyse van evangelisasie in nuwe stadsgebiede, maar ook gebiede waar plaaslike geloofsgemeenskappe nie alléén die kapasiteit het om hierdie uitdaging te hanteer nie. Dit wil die missionêre uitdagings, wat Suid-Afrika aan ons stel, op konkrete wyse hanteer deur nuut te dink oor die kerk, wat die klassieke Evangelie op 'n vars manier kan laat leef, ook in die mees armoedige konteks.

Waar ons kerk werk

1. Kospakkies vir volgende Sondag: *Hawermoutpap, langlewe melk. [kleinmaat asb.].*

2. Amelia & weeskinders: Bussie vir bydraes is in die voorportaal.

3. Blomme vir die kerk:

[11/03/12]: Mary Coetzee [18/03/12]: Maryna Botha
[25/03/12]: Hanna Thomas. [01/04/12]: Linet Hauptfleisch.

[Konvenor vir die blomme: Linet Hauptfleisch: 021-531-2700].

4. Toebroodjies: [14/03/12]: Anna van Stuijvenberg, Rachel Fortuin, Louise Barnard en Rina Landman; [21/03/12]: Geen toebroodjies.

5. Sopkombuis by Maitland Gemeenskapskerk: Magda Erasmus [021-531-2463].

6. Koffie/tee na eredienste: Adéle Flint, Nell Kruger, Veronica Coetzee en Maude Brewin.

7. Uitreikprojekte: Maitland Gemeenskapskerk en Missie Japan. [Getuieniskommissie].

8. Vrouewerkgroep: Mary Coetzee [021-531-1742].

9. Gemeenskapsbetrokkenheid: Elsa van Huyssteen [083 367 1289], Johanna du Preez [021-531-2875] en ander lidmate [Martie Odendaal, Hanlie Marais en Linet Hauptfleisch] is betrokke by die speelskool in Elsiesrivier [Vrolike Groepe], asook by Clarke Primêr. Elsa bestuur die Sentrum vir 30 straatseuns in Soutrivier.

Verjaarsdae

[11/03/2012]: Ab IJzerman; [13/03/12]: Mary Coetzee en Karin Lecuona; [16/03/12]: Pierre-Charl du Preez en Ilse le Roux.

Baie geluk aan hierdie lidmate.

Vooruitskouing

1. Menseregtedag/Openbare vakansiedag op Woensdag 21/03/12.

2. Skole sluit op Vrydag 23/03/12.

3. Herfskonsert op Saterdagaand 14/04/2012. Hou asb. hierdie datum oop!!!

Ons soek borgskappe vir die huur van die vleuel-klavier. Die huur beloop R3000. Kontak asb. vir Anita by 021-531-2401.

Verblyf gesoek

Ons soek 2-3 nagte per week verblyf vir Charlene van der Walt, Maitland se nuwe tentmaker - leraar. 'n Tuinwoonstel/kamer sou ideaal wees. Sy woon in Stellenbosch maar sal, vanweë die aard van haar werk in Maitland, nodig hê om 2-3 aande 'n week in die omgewing te oornag. Ons sal dit waardeer as iemand moontlik van iets weet. Skakel die kerkkantoor by 021-531-2401.

Voorsang

Lied 393

1. Middelpunt van ons verlange,
U bring rus in ons gemoed!
Jesus, met ons dankgesange
loof ons steeds u liefdegloed!
Op ons diepbedorwe aarde
het U, Heiland, neergedaal
en vir elke skuldbeswaarde
met u kosbaar bloed betaal.

2. Jesus, al u angs en smeking,
eensaam in Getsemane -
dit was liefdevol bereken
om ons ware rus te gee.
Heer, U het, gedring deur liefde,
self die kruis vir ons gedra.
En U sterf - die Sondelose -
in ons plek op Golgota.

3. Heiland, U peil ons verlange:
dieptepunt en verste vlug.
Uit ons soeke, twyfel, angste
lei U ons na God terug.
U laat vind ons, deur u lyding,
ware vrede, ware rus.
U gee ons met dié bevryding
weer spontane lewenslus.

Lied 395

1. My Verlosser aan die kruis -
die Geneser, eens so kragtig,
nou onmagtig?
Waar is tog sy almag tans,
waar sy goddelike glans?

2. My Verlosser aan die kruis
ly vir sonde, smart en pyne -
ook vir myne!
Van die vloek maak Hy my vry
en sy sterwe red ook my.

3. My Verlosser aan die kruis -
ja, die beker van sy lyding
bring bevryding.
Brand, my hart, ontbrand in gloed
teenoor Hom, so groot, so goed!

NG GEMEENTE PINELANDS

SONDAG 11 Maart 2012

Bulletin

**ONS GLO HIERDIE GEMEENTE IS 'N TUISTE VIR ELKEEN, '...
A HOUSE OF COMPASSION --- WE FORGIVE HERE ENDLESSLY'.
[Moeder Theresa].**

Mag jy vanoggend iets hiervan ervaar. Mag jy self hierdie gesindheid teenoor ander hê: Inklusief, vol vergifnis, onvoorwaardelike aanvaarding van ander. Jy het vanoggend hier 'n kans om dit te ervaar en te gee, maar ook oral waar jy in 'n hartelose samelewing leef.

Week 11 se program

Oggenddiens: [11/03/12] * ***Lyding 3.***

* ***Bankoffer:*** *Gewone Kollektes.*
* ***Sinodale Deuroffer:*** *Gemeente-Ontwikkeling.*

* ***Kerkraadslede aan diens***: Pierre du Preez, Jopie van Zyl, Hanlie Marais en Nell Kruger.

Kerkraadslede vir volgende Sondag: Niël Rossouw, Chris Swanepoel, Charlotte-Louise Enslin en Mareza de Villiers.

* ***Kinderkerk*** saam met Annemarie Dall en Heleen Meyer by Sasnev.
* ***Koffie en tee*** na die diens by Sasnev.

Tekste vir die week: [11/03/12]: ***Fokusteks***: Joh. 2:13-22.
Ander tekste: Eks. 20:1-17; Ps. 19; 1 Kor 1:18-25.

Volgende week se tekste: Fokusteks: Ef. 2:1-10.
Ander tekste: Num. 21:4-9; Ps. 107:1-3, 17-22 en Joh. 3:14-21.

* ***Taizé-dienste*** is nou elke 1ste en 3de Sondagaand van die maand om 19:00 by die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit, Chapellaan 1, Rosebank (net agter die Rosebank Methodiste-kerk in Hoofweg). Pinelands Gemeentelede is baie welkom. Groete! Laurie.

Woensdag: [14/03/12]: * **B*ybelstudie/Biduur*** om 09:30 in die konsistorie.

* ***Basaarvergadering*** om 19:00 in die konsistorie.
* ***Bybelstudie/Biduur*** by Pinelands Place 319 om 19:00.

Kerkkantoor-ure: Di. tot Vry. tussen 10:00 en 12:30.
Tel. 021-531-2401.
Vir enige noodgevalle, skakel vir Tiana by 021-531-4073 of 084 402 6005 of stuur 'n epos: tiana@sun.ac.za